# MARKUS 1 :9-15 DIE TYD IS RYP

INLEIDING: Dit is al weer die derde maand van 2009! Die tyd vlieg!
Dr Frederick Marais vertel iemand uit Afrika het hom vertel: *"Julle Westerlinge begin op die regte tyd. Ons begin as die tyd reg is!"*
Jesus verklaar in sy intreepreek: *"Die tyd het aangebreek ..."* Die tyd is ryp.

1. CHRONOLOGIESE TYD
Die Griekse taal gebruik twee woorde vir tyd. Die eerste woord is **chronos**, waarvan ons woord *chronologies* afgelei is. Volgens die Griekse mitologie was Chronos 'n wrede en verskriklike god. Hy het sy pa met geweld onttroon. Sy sterwende ouers het profeteer dat dieselfde lot hom sou tref: dat een van sy seuns hom sou onttroon. Toe doen hy 'n verskriklike ding. Toe sy vrou Rhea aan sy kinders geboorte gegee het, het hy hulle ingesluk. Dis hoekom ons sê dat tyd alles insluk. Die wrede god Chronos het vandag nog baie aanbidders. Die horlosie is hulle Baas. Selfs 'n erediens mag net 'n uur duur, of God nou nog iets op die hart het of nie!
Chronologiese tyd is die meeste van die tyd nie ons vriend nie. Ons sê *"Die tyd haal ons in!"* Ons raak byvoorbeeld ouer. *"Jy moet keer dat jy oud word!"* het iemand die ander dag gesê, maar HOE?! Iemand het opgemerk dat 'n **argeoloog** die beste persoon is om mee te trou. Hoe ouer jy word, hoe meer geïnteresseerd raak die persoon in jou!
Die tyd neem weg. 'n Man van 85 jr oud het opgemerk: *"Bo my lewe staan geskrywe: "Nie meer nie." My vrou ... nie meer nie ... my vriende ...nie meer nie ... my vryheid ... nie meer nie ... my huis .... Nie meer nie ... my goeie gesondheid ... nie meer nie ... my goeie gehoor ... nie meer nie ...om gemaklik te kan loop ... nie meer nie ... my goeie geheue ... nie meer nie ...Alles! ... nie meer nie! Nie meer nie!"*

2. KAIROS-TYD
Die Grieke het ook nog 'n ander woord vir tyd, nl **kairos**. Dit is die woord wat Jesus gebruik het toe Hy gesê het *"Die tyd het aangebreek..."* Kairos dui op 'n beslissende oomblik. Jesus se **koms en optrede** was 'n beslissende oomblik. Dit het plaasgevind op **'n tyd** wat God bepaal het vir die vervulling van Sy beloftes. Dit was *"op die regte tyd"* en toe *"die tyd reg"* was! Hierdie kairos tyd dui op *'n spesiale geleentheid wat God geskep het*. Dis soos 'n ryp vrug aan 'n boom. Dit is NOU reg om gepluk te word. Pluk jy dit NIE, raak dit oorryp en val af. Die kans is dan verby.

3. Wat beteken dit wanneer Jesus sê dat die kairos aangebreek het? Ons let op twee aspekte. Die eerste het te doen met God se koninkryk.
Jesus sê: *"Die tyd het aangebreek en die koninkryk van God het naby gekom..."* Die kairos-tyd duur nie net vir 'n **oomblik nie,** maar is die **tydperk** van God se koninkryk.
3.1 Dit is die tydperk van God se heerskappy, God se *regering*. Dit is die tyd waarin dit duidelik sal word *dat God Koning is*.
In **Jesus se boodskap en bediening** sien ons dat God regeer en dat Hy koning is. Hy het *pas vantevore* die aanslae van die satan in die woestyn oorwin. Hy is daar drie keer versoek. Maar by sy terugkeer, het daar **'n vierde versoeking** op Hom gewag. Johannes die Doper is in die tronk opgesluit. Het Jesus geswig en liewer veilig gespeel? Nee, luister wat hier staan en NIE hier staan nie: *"Nadat Johannes in die tronk opgesluit is, het Jesus na Galilea toe gegaan"* – en daar gaan wegkruip? Nee: *"en die evangelie van God verkondig."* Lees maar die Markus-evangelie verder. Ons

lees hoedat Hy bose geeste uitdryf, mense verstom met sy lering, siekes gesond maak, sonde vergewe. Daardeur demonstreer Hy: ***"God is Koning!"*** Die koninkryk van God het naby gekom.
Ja, <u>die chronologiese tyd</u> sluk alles in en neem weg, maar dit <u>het nie die laaste sê nie</u>! God is **ewig** en staan bo die tyd. Tyd kan Hom nie aan bande lê, sy mag inperk nie. Al lyk iets vir ons in hierdie tydelike lewe na '*n verlore saak*, is dit nie buite sy mag en gesag nie. Die kairos van God open **nuwe moontlikhede**. Dit gee **nuwe hoop** vir siekes en sondaars.
Die nuwe koninkryk het met Jesus aangebreek. Dit is *in beginsel reeds hier*. Maar intussen het Jesus ons ook leer bid: *"Laat U koninkryk kom!"* Dit sal uiteindelik **finaal** aanbreek wanneer Hy weer kom. Dan sal daar geen pyn, dood en hartseer meer wees nie. Dit is waarheen God *onkeerbaar en onstuitbaar oppad* is! Dit wat die chronologiese tyd van ons *weggevat* het, sal aan ons **teruggegee** word – met rente!
<u>Wat beteken dit wanneer Jesus sê dat die kairos aangebreek het</u>?
Die **tweede antwoord** word ook in Mk1:15 aangetref: *"Die tyd het aangebreek ... bekeer julle en glo die evangelie!"*
3.2 <u>Kairos tye is beslissende oomblikke wat van ons beslissings vra</u>. Dit blyk duidelik uit vers 17. Jesus roep **Simon en Andreas** om Hom te volg. Hulle moes 'n belangrike besluit neem. IS Jesus die Koning wat sulke eise aan hulle kan stel? KAN hulle Hom met hulle lewe en toekoms vertrou? Gaan hulle hul rug draai op hul bekende manier van lewe en Hom onvoorwaardelik volg?
DIT is wat van **elke mens** gevra word wat die boodskap hoor dat die koninkryk van God naby gekom het. Ek moet my rug draai op alle ander gode, Jesus vertrou, Hom volg en deel van sy plan word. Dit is wat dit beteken <u>om tot bekering te kom en die evangelie te glo</u>. Dit is iets wat DAAGLIKS moet gebeur. Ons leef dan nie meer selfgesentreerd, besig om te bou aan ons eie koninkryk nie. Nee, ons **rig tekens op** van SY koninkryk.
4. <u>Hoe rig ons tekens op van Sy koninkryk?</u>
Dit gebeur waar ons **Eden herstel** deur die krag van Jesus! Wanneer ons mense met VIGS en TB ondersteun soos by D P Marais, of siekes tuis of in die hospitaal soos by Grootte Schuur besoek. Dit gebeur wanneer ons brood en vrugte voorsien aan honger kinders soos by Imizamo Yethu of eersdaags by Westlake, of wanneer ons moedelose mense bemoedig. Ons rig tekens van God se koninkryk wat gekom *het, besig is* om te kom en uiteindelik volmaak *sal kom* op wanneer ons ander vergewe en in die bresse tree vir hulle wat uitgebuit of veronreg word. Ons sê nie ons HET NIE tyd nie, maar ons MAAK tyd vir ander. Sodoende **wys ons** dat Chronos nie ons god is nie en ook nie onsself en ons eie belange nie.

Miskien moet ons **ophou kla** oor die tye waarin ons leef (as ons daaraan skuldig is) en **minder droom** oor die goeie ou tyd. In plaas daarvan om die tyd **om te wens,** laat ons goed rondom ons kyk en die geleenthede van HIERDIE tyd raaksien. **Mordegai het Ester** daarop gewys dat sy dalk juis met die oog op 'n TYD SOOS HIERDIE koningin geword het. <u>Watter vrugte is NOU ryp om gepluk te word?</u> Waar kan ons NOU tekens van God se heerskappy oprig? Wat is fout in my lewe waarvan God NOU wil hê dat ek my bekeer? <u>Oppas vir uitstel</u>.
**CS Lewis** vertel van die ou duiwel wat die jong duiwels opgelei het. Hy het hulle gevra wat die eenvoudigste manier is om mense te verlei. Eers het een geantwoord: *"Sê vir hulle daar is geen hemel nie." "Verkeerd"*, het die ou duiwel gesê. "*Sê vir hulle daar is geen hel nie." "Weer verkeerd,*" het die ou duiwel gesê. Toe gee hy vir hulle die antwoord: "*Sê vir hulle daar is geen haas nie."*

**Die gevolg** is dat mense soms baie stiptelik is wat sekere besluite betref, maar die belangrikste besluite wat hul eie en ander se ewige toekoms raak, bly uitstel.

SLOT: Die tyd is ryp. Pluk die geleenthede. Moenie dat dit oorryp raak nie! Dit kan verbygaan.

Amen
1 Maart 2009

1. "Ek het nie tyd nie." Is dit 'n verskoning of 'n rede?
2. Waar het jy onlangs tekens van God se koninkryk gesien, of dalk self opgerig?
3. Sien jy iewers nog geleenthede daarvoor raak? ("ryp vrugte")
4. Kan julle as selgroep dalk saam iets doen? Maak seker dat dit nie net by voornemens bly nie!